sapapers.co.za



## TEKS 1

### Annemarie van der Walt: Nee wat, om tot tien te tel is vir die voëls

28 Desember 2023

1 Dié week tussen Kersfees en Nuwejaar is 'n perfekte voorbeeld van die teenstrydigheid wat die feesdae vir soveel mense laat ontstaan: Enersyds is dit die heerlikheid van vieringe en familie, andersyds 'n smagting na afskakel, behóórlik afskakel.

2 Dis net, "afskakel" beteken verskillende dinge vir verskillende mense. En dit kan klokslag vir jou voel jý is die eend in die ganse se dam. Wanneer jy argumentsonthalwe wil onderwaterswem in sublieme stilte, maak almal waterbomme in jou poel en jil en gaan tekere. Maar laat jy nou die dag voel of die wind onder jou wieke is en die lus jou pak om saam met 'n menigte te snater, dan is daardie swerm woeps, weg en suis die stilte.

3 Opvallend, op dae wanneer die drang groot is om die volumeknoppie van die wêreld te wil afdraai na nul, is dit of alles ekstra luid gebeur.

4 Nuuslesers, appel-eters, tiektokkende flikkerligte, die kamermaat se gehoortoestelle wat klink soos 'n vals brommer wanneer dit laai, 'n koor hadidas douvoordag. Boonop is dit of almal wat jy teëkom skielik soveel woordryker is met die simpelste storietjie wat vertel word, 'n mens wil sommer die hele lot stop met 'n hoofletter punt.

5 Maar op 'n soortgelyke, doodgewone Donderdag staan jou eie stertvere pronk en kan dit jou nie traak wie jou gekwetter wil hoor of nie.

6 Dié jaar, in hierdie week van aan- en afskakel om die beurt, neem jy die voorneme dat dit van vandag af anders sal wees. Nie eensklaps nie, maar jy sal voortaan waaragtig ekstra bedag word op die damme waar jy jou bevind en seker maak jy hoef nie kolgans te speel as jy wil vleikuiken nie.

7 Onder die amperse laaste volmaan van die jaar vertel 'n wyse vrou jou van haar truuk. Om tot tien te tel is vir die voëls, sê sy. Sy het lank reeds haar top geblaas en haar voet drie keer dwars in haar mond gedraai voordat sy by drie kom. Span eerder sulke tye die sintuie in, is haar raad.

8 Vat aan iets met tekstuur. 'n Growwe boomstam werk goed, so ook 'n blokkie ys wat jy in jou hand rol. Vat om te voel. Luister. Veral na daardie geluide wat wegkruip agter die kakofonie, en hoor dit. Kyk en soek die detail in wat jy ook oplet. Ruik en proe, al moet jy jou verbeelding inspan en glo jy is in 'n bakkery propvol vars brood.

9 "Want hoekom wil jy oorhaastig in 'n troebel dam induik as jy eerder 'n minuut of wat later rustig genoeg is om dalk om te draai; 'n ander koers in te slaan?"

10 Dis 'n bietjie soos om op jou persoonlike *airplane mode* te gaan, sê sy. Wie weet, dalk kry jy dit reg om eindelik soos 'n langtoon-lelietrapper te word wat ligvoets jou gang gaan op jou eie dam. 'n Goeie voorneme vir enige tyd óf jaar.

[Verwerk uit: Van der Walt, A. 2023. Nee wat, om tot tien te tel is vir die voëls. Netwerk24. [aanlyn] 28 Des. Beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/annemarie-van-der-walt-nee-wat-om-tot-tien-te-tel-is-vir-die-voels-20231228>]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 2

### Welkom in die klub van die reuse

Zelda Bezuidenhout

Somer 2024

1 Soms het ek 'n skielike, ongemaklike gewaarwording dat ek op 'n plek of in 'n situasie beland het waar ek nie hoort nie. En dat ek boonop enige oomblik uitgevang gaan word.

2 Vandat ek so vyf jaar gelede begin boeke skryf het, gebeur dit gereeld. Sit vyf skrywers in dieselfde vertrek op 'n boekfees en een van hulle voel hy of sy hoort nie daar nie. Ek weet vir 'n feit hierdie statistieke is akkuraat. Want ék is daardie een skrywer. Die gevoel kom elke keer saam met 'n verlammende vrees wat oorgaan in die toestand wat bekend staan as bedrieërsindroom.

3 'n Maand gelede dink ek aan Harry Kalmer se uitsonderlike stadsroman *'n Duisend stories oor Johannesburg* toe ek my in ry 16 van 'n vliegtuig op 'n binnelandse roete bevind. Dis die ry wat spog met weelderige beenruimte.

4 Ons praat hier van hemelse strekplek vir enige hemelbesem.

5 Op die een of ander manier het ek in al my opgeskorte glorie in hierdie ry van superwesens beland. Links van my het The Incredible Hulk gesit, deftig gechino en gedas. Regs van my was Thor self: alles van sy nek ondertoe 'n getuigskrif van eindelose ure in 'n gim; sy blonde hare sjampoe-advertensie-mooi. Vir die eerste keer in my lewe het ek petite gevoel.

6 As die vliegtuig 'n basaartafel was, was ek een van daardie melktertjies wat 'n mens tussen jou duim en voorvinger kan vasknyp. Die ander mense in die ry was uitgerysde boerbrode. Al die passasiers in die geheime klub vir die wat meer as hulle regmatige deel groeihormone gekry het, was mans en ver oor die ses voet.

7 Soos die karakter, Hippolyte, in Kalmer se roman het ek besluit ek moet liewer stilbly en maak of ek slaap. <u>Ek het immers genoeg feëverhale gelees</u>. Daarom weet ek dat 'n geslote oog 'n heel oog in die Land van Reuse is. Ek was al dommelende toe die interkomstem vra dat alle elektronika afgeskakel word om gereed te maak vir opstyg. Langs my het Thor vir oulaas 'n oproep gemaak, sy dik vingers verbasend lig aan't dans op die foonskerm.

8 "Engel," het hy vir sy geliefde gesê, "ek *worry* so oor alles: Mense sonder werk; wat gaan van ou Tesla-batterye word as hulle vervang word; Israel en Palestina. Ek kon nie gisteraand aan die slaap raak nie, toe kyk ek maar na hondevideo's op Instagram."

9 Dís toe ek weet ek behoort.

[Verwerk uit: Bezuidenhout, Z. 2024. Welkom in die klub van die reuse. *Taalgenoot*, Somer 2024.]

IEB Copyright © 2024

**TEKS 3**

lekkeslaap

# Plettenbergbaai Selfsorgeenhede



## Woodlands Villa

Woodlands Villa is 'n selfsorgvakansiehuis wat in die hartjie van Plettenbergbaai geleë is. Hierdie huis is ideaal vir 'n groep vriende en 'n gesin, aangesien daar 'n plonspoel en berguitsigte is.

Dié huis bied slaapplek aan 12 gaste en beskik oor 6 slaapkamers met en suite-badkamers. Al die badkamers het 'n stort, wasbak en 'n toilet.

Die ruim leefarea het 'n kombuis wat met 'n gasstoof, yskas-vrieskas, eetgerei en breekware toegerus is. Die kombuis lei na 'n etenstafel waar gaste hul maaltye kan geniet. Die sitarea het gemaklike sitplek, 'n kaggel en 'n platskerm-TV met DStv. Gratis WiFi is beskikbaar.

Die huis het 'n ruim kuierarea en 'n ingeboude braai. Daar is 'n lieflike tuin, onderdakstoep en 'n plonspoel waar gaste kan afkoel.

Prys: Vanaf R5 800 per nag



## Jolly Jenny @ The Dunes

Jolly Jenny @ The Dunes bied verblyf in 6 gaste-suites in privaat besit wat in The Dunes Resort geleë is. Die oord is in Keurboomstrand net buite Plettenbergbaai en het 'n privaat Blouvlagstrand wat net 5 minute se stap ver is.

Verblyf is beskikbaar in 6 eenhede wat elk geskik is vir 2 gaste. Elke eenheid het lugversorging, 2 enkelbeddens of 'n koninggrootte-bed, 'n en suite-badkamer met 'n stort, toilet en 'n wasbak. Elke eenheid het 'n kombuisie, 'n TV met sekere DStv-kanale.

Daar is 2 swembaddens op die perseel en 'n stoeparea by die strand waar gaste kan ontspan.

Prys: R6 100 per nag



**Phezulu Plett**

Phezulu Plett is 'n vakansiehuis in Plettenbergbaai en bied 'n pragtige uitsig oor Lookout-strand. Phezulu Plett bied gerieflike en ruim verblyf en is perfek vir 'n groot gesin of groep vriende op soek na 'n kuswegbreek op die Tuinroete.

Die vakansiehuis bied slaapplek aan 12 gaste en beskik oor 5 slaapkamers, 5 badkamers, 'n kombuis en leefarea.

Die oopplan-kombuis is ten volle toegerus. Die hoofleefarea en tweede leefarea het elkeen 'n sitkamerstel. Gratis WiFi is beskikbaar. Al die leefareas lei na 'n gedeeltelik bedekte dek met 'n stranduitsig.

Dit is dus die ideale plek vir luilekker kuiers. Braaigeriewe is beskikbaar en gaste kan in die swembad in die tuin afkoel.

Prys: R15 000 per nag

[Verwerk uit LekkeSlaap. (s.a.). Plettenbergbaai Selfsorg-eenhede Akkommodasie. [aanlyn] Beskikbaar by: <https://www.lekkeslaap.co.za/akkommodasie-in/plettenbergbaai/selfsorg-eenhede>]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 4

### SY NAAM WAS SASHA

*Olga Kirsch*

Sy naam was Sasha. Ek het hom weer onthou
vanmiddag toe ek strandgoed huis toe bring
van die see, en op die stoep gehurk 'n kring
waterglad klippe om 'n plantpot skaar.
Sasha ... Hy was glo offisier in die tsaar
se leërmag. Daarvoor het hulle om vyf jaar
in die tronk gestop. Tanja, sy Joodse vrou,
'n dokter, het hul ook 'n jaar gehou
in gevangeskap (dit was 'n fout
het hulle haar later meegedeel).
Reeds oud
kom hulle hier. Sy hart was nie meer sterk
maar hy het aldag in die tuin gewerk,
die aarde glad en kluiteloos gestreel,
paadjies gemaak en onder die steel
val elke struik, 'n kring wit klippies – werk
van 'n gevangene.
Later moes hy maar lê.
Ons het kom kuier, daar is min gesê,
ons praat nie Russies nie. Maar hy't my naam
– *roeskoja imja* – saggies met 'n skaam
glimlag mymerend herhaal.
Hy het gesterf
en is begrawe in die wye erf
van die Russiese Kerk in Jaffa – eiendom
van die U.S.S.R. in die Heilige Land –
waar Tanja steeds op sy gedenkdag kom.
Wat sy verhaal beteken, weet ek nie
maar wou sy naam 'n oomblik in ons tyd
van waansin en wraak ontruk aan die vergetelheid.

[Oorspronklik uit die bundel *Negentien gedigte*. (Human & Rousseau. 1972)
Bron: Brink, André P. 2000. *Groot verseboek 2000*. Tafelberg Uitgewers. (bl. 321)]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 5A

**ONSUIWER WISKUNDE**

*Tom Gouws*

*the elusive penetrates everything*
*you must know that everything rhymes*
WOLS

die uurwerk kantel g'n. die boesmans
kon jou dit lank terug reeds vertel:
veel meer kere as wat hul kon tel,
is al wat vorm is, begoël. sjamans

kén die mistieke rekenwette van verbeelding. selfs
pythagoras moes in 'n grot eers offers bring
voor hy kon leer van vermenigvuldiging.
en eers na van gogh dieper moes delf

na steenkool en God in die skagte van die myn,
kon hy iéts sien van die son en die sonneblom.
al is ons empiries presies, bly ons matematies dom.
hoe héél ons Hom probeer bedink, ons dink te klein

om die verganklike tot die onverweerbare te jel.
ons besit bloot tydelik deur te benoem en te tel.

[Oorspronklik uit die bundel *Troglodiet*. (Human & Rousseau, 1995)
Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel drie*. Kaapstad: Tafelberg (bl. 1076)]

## TEKS 5B



[Bron: Van Gogh, V. (1882). *Women Carrying Sacks of Coal in the Snow* [Pen en waterverf].

IEB Copyright © 2024

## TEKS 6A

### ONKLAAR

*Ina Rousseau*

*Hy het nie daarvan gehou as dinge in die huis stukkend was nie.*
*Wat beskadig geraak het, moes so gou moontlik vervang word.*

J.C. KANNEMEYER: D.J Opperman
'n Biografie

Toe het dit winter geword
en op die kleinste dag van die jaar
het die klavier
weer eens gebreek –
dog hierdie keer
kon niks die meganiek weer heel
laat word nie.
En die musiek
wat in die klaviatuur
nog lewend was maar ongespeel
(die partituur summier
gekortwiek) het sonder klank paniek-
bevange teen die houtomhulsel
begin spartel, in die steek gelaat
deur doodstil snare, slap
oor 'n klankbodem
wat nie meer kon klink nie.


En op die een of ander tyd
– vinnig dalk en dalk geleidelik –
tussen die begin
van die klavier se einde
en die einde se voleindiging,
het die musiek, verydel en in agonie,
tot niet gegaan.

– Of dalk nie werklik nie – ?
En voer dit steeds nog êrens,
onhoorbaar, geheimsinnig, 'n bestaan?

[Oorspronklik uit die bundel *'n Onbekende jaartal* (Human & Rousseau.1995)
Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 2*.
Kaapstad: Tafelberg. (bl. 408)]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 6B




[Bron: Kannemeyer, J.C. (1986).
*D.J. Opperman: 'n Biografie*]

## TEKS 7

### KARTOGRAFIE

*Martjie Bosman*

Ons sukkel met die aarde om sy rond is,
om ons haar nie plat kan druk
tussen die blaaie van 'n atlas nie,
om ons op 'n bol
nie alkante gelyk kan kyk nie.
Maar Mercator het 'n plan gekry:
Maak mooi ruitjies op 'n ry,
laat die gradelyne mekaar reghoekig sny,
trek 'n bietjie hier en krimp 'n bietjie daar
en kyk!
'n Projeksie van ons persepsie van die geosfeer,
'n benadering van ons betragting van die planeet –
met só 'n kaart kry ons dalk uiteindelik transport.
Net jammer Groenland is nou yslik groot
en Alaska ietwat uit proporsie.

Gaia lag, sy rol onder ons penne
uit en van ons papiere
af, weg op haar ronde baan om die son.

[Oorspronklik uit die bundel *Landelik* (Protea Boekhuis.2002)
Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel 3*.
Kaapstad: Tafelberg. (bl. 1161)]

**TEKS 8A**




[Bron: Pinterest (s.a.). Nike Air Pegasus ACG, 1988 | Nike-advertensie, Nike poster, Running posters. [aanlyn] Beskikbaar by: <https://za.pinterest.com/pin/8233211804558371/>]

**TEKS 8B**




[Bron: Pinterest. (s.a.). Nike 1988 | Nike-advertensie, *Running posters*, *Nike poster.* [aanlyn] Beskikbaar by: <https://za.pinterest.com/pin/459719074447301351/>]

**TEKS 9**




[Bron: Van Vuuren, Niël. 2024. As leeu jou voor toilet in wildernis inwag, dan hol jy! [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente/volksblad-spotprent-5-januarie-2024-20240104> Datum van toegang: 7 Januarie 2023]

IEB Copyright © 2024